

Die sekurokritisering van die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel – 'n tendensbepaling

André Duvenhage

André Duvenhage, Navorsingsfokusarea: Sosiale Transformasie, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom)

Opsomming

Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing betree tans 'n fase wat as uiters dinamies en polities onstabiel beskryf kan word. Sedert die bewindsoorname van Jacob Zuma in 2009 is 'n tendens wat voorgehou kan word as die sekurokritisering van die Suid-Afrikaanse staat duidelik waarneembaar. Dit is veral binne die raamwerk van die sogenaamde sekerheids-groepering dat politieke en staatkundige magsbasse toenemend sekurokritisering deur die regering van president Zuma hanteer word. Deur gebruik te maak van 'n ontledingsraamwerk waarin tendensbepalings moontlik is, word daar veral op die Suid-Afrikaanse Polisie diens en die intelligensiedienste as voorbeelde van sekurokritisering gekonsentreer. 'n Tendens bekend as neopatrimoniale pretorianisme word geïdentifiseer met negatiewe implikasies en risiko's vir die konsolidering van demokratiese waardes binne die groter Suid-Afrikaanse staatkundige bestel.

Trefwoorde: demokratiese konsolidasie; intelligensiedienste; neopatrimonialisme; pretorianisme; sekurokritisering; Suid-Afrikaanse Polisie diens

Abstract

The securitisation of South African politics – a trend analysis

The South African political environment is currently entering a phase that can be described as both politically dynamic and politically unstable. Since the ascension of Jacob Zuma in 2009 a clear and discernible process of securitisation has unfolded within the state. The so-called security cluster has provided the framework and means for the establishment of securocratic bases of political power in government and the presidency. By means of an analytical framework that will facilitate trend analysis, this article focuses on the South African Police Service and the various intelligence services as domains of securitisation in the context of the state. The concept of securitisation implies the overt, explicit and direct deployment of the security establishment to ensure security in general and law and order in particular.

Throughout Zuma's tenure as president the general political dispensation surrounding him and the executive authority in particular have adapted to his unique style of leadership. Since the democratic transition, the consolidation of power within the ANC and the tripartite

alliance, as well as in the regime context (the growing nexus between party, government and the state) were viewed as strategic priorities and issues of significant importance. Even during the early stages of negotiations in the 1990s the goal of controlling the security services (the police, armed forces, intelligence, the Department of Justice and Correctional Services) was viewed as a main strategic priority by the ANC. The aforementioned branches of the executive would later be united and institutionalised under the banner of the Justice, Crime Prevention and Security (JCPS) cluster. During Zuma's presidency this cluster constituted his staunchest allies and emerged as a favoured instrument of political power. It is no coincidence that the JCPS cluster has been characterised by a virtually exclusive Zulu ethnic membership and/or individual loyalty towards Zuma.

Through strategic appointments in the regime context under the auspices of cadre deployment, Luthuli House has established political control over the state apparatus in general and the security services in particular. This has correlated with the establishment of a new security management model facilitated by the type of close party/state cooperation that was a hallmark of the Soviet Union, which emphasised institutional control above all. In South Africa this manifests through the National Democratic Revolution (NDR) as ideological foundation, according to which the security establishment is given a dominant role in state and society. Zuma's tenure as witnessed an accelerated fusion between the domains of ideology and security, and the resulting dynamic, has manifested tangibly in his management of the state.

Given these perspectives, this article sets out to answer the following questions:

- What are the meaning and implications of the securitisation of a state?
- Is the South African state currently being securitised?
- What does the trend of securitisation entail?
- What are the implications of the abovementioned for South Africa's constitutional democracy and the consolidation of democratic values and institutions?

By answering these questions, the article aims to present an exploratory perspective and conduct a trend analysis of securitisation in the contemporary state and South African political environment. To this end, the following aspects are focal points of the article:

- The place and role of the state in society
- Praetorianism and the role of the security establishment in politics and society
- A trend analysis of securitisation
- The implications of such a trend.

As part of a trend analysis the article posits four possible scenarios, based on two variables, namely the autonomy of the security institutions and the rule of law. Accordingly, in a political context where the autonomy of the state's security apparatus is constrained along with a high degree of rule of law, one would encounter a scenario of democratic consolidation (scenario 1). As the rule of law deteriorates and security institutions become more autonomous and unconstrained, this would manifest in scenarios of increased securitisation. This study identifies three progressively securocratic outcomes, namely political interference (scenario 2), the police state (scenario 3) and a corrupt and neopatrimonial state (scenario 4). The latter represents the least desirable outcome, where the security establishment is manipulated for corrupt and factionalist political ends.

The analysis of the South African political context reveals that political interference (scenario 2) is currently prevalent. Some elements of a police state (scenario 3) can also be identified, especially in recent times, although available evidence does not suggest a trend towards the

establishment of such a scenario. However, it is disconcerting that elements of neopatrimonial praetorianism have become established during the Zuma administration. This is verified by the appointment of loyalists to key strategic positions in the management of the security cluster and political purges designed to neutralise opponents. It is argued that these developments have had the effect of undermining the institutions of state, especially when the interests of the “strong man” are threatened. Of course, this also serves to undermine democratic consolidation and the very foundations of the South African constitutional state.

The article concludes that the role of the security establishment in South African politics is characterised by political interference according to which a limited praetorian role is fulfilled. It is evident that the interests of the party, state and “strong man” are increasingly intertwined and integrated, which makes their differentiation difficult. In particular the distinction between the state and non-state domains has become clouded, contrary to normal patterns of democratisation and institutionalisation. This juxtaposition highlights a perilous trend of democratic deconsolidation in South Africa.

Amidst growing political, economic and social instability the question remains how the security establishment will position itself and what (or whose) interests will dominate its functioning. Should the political environment continue to exhibit revolutionary signs, as is currently the case, the emergence of a police state with a strong praetorian character represents a likely scenario. Alternatively, if the preservation of the “strong man” and his networks in the ruling party, regime and state becomes the security establishment’s overriding goal, then a form of neopatrimonial praetorianism is a more likely outcome. This trend is frequently observed in African politics, with Zimbabwe and the Democratic Republic of the Congo being well-known examples.

It is clear that the next five years will be a crucial period in South African politics that will decisively influence the trajectory of the state. In this regard, the national and provincial elections of 2019 will be a key barometer, particularly in terms of the role that the national security establishment will play in its run-up and aftermath. Similarly, the coming 2016 local government elections may provide early insight into the possible political trends identified in this article.

Keywords: neopatrimonialism; praetorianism; security establishment; securitisation; South African Police Service

1. Inleiding

Sedert Jacob Zuma president geword het, is die politieke bedeling, en veral die uitvoerende gesag, aangepas by die eiesoortige omstandighede en vereistes vir sy presidentskap en die besondere leierskapstyl wat hier ter sprake is.¹ Die konsolidering van magsbasse binne die party se raamwerk en die groter drieledige alliansie, asook die groter regime (en uiteindelik die oorhoofse staat) het sedert die begin van die politieke oorgang wesenlik strategiese voorrang geniet. Reeds vroeg tydens die konsolideringsproses (in die 1990’s) het die fokus geval op beheer van veiligheidsinstellings, waaronder die polisie, weermag, intelligensie, justisie en korrektiewe dienste. Hierdie kategorieë sou later as die sekerheidsgroepering (Justice, Crime Prevention and Security Cluster – JCPS) geïnstusionaliseer word. Dit het ook een van Jacob Zuma se belangrikste magsinstrumente en politieke bondgenote geword. Hierdie magsgroepering is ná die Zuma-oornam bykans volledig onder beheer van Zoeloes geplaas (Johnson 2015:43–53).

Met strategiese aanstellings binne die groter politieke regime (deur veral kaderontplooiing) is politieke beheer vanuit Luthuli-huis oor die groter staat, regime en veiligheidsomgewings bewerkstellig. Dit is ook aangepas om aan 'n nuwe veiligheidsmodel beslag te gee. 'n Party-staat-verhouding soortgelyk aan die een wat in die Sowjetunie ontwikkel is, het die proses van institusionele beheer gefasiliteer. Sodanige verhouding het 'n revolusionêre ideologiese grondslag (die Nasionale Demokratiese Revolusie-idee) waarin die veiligheidsomgewing sentraal gedefinieer word. Selfs meer as sy voorgangers het Zuma hierdie beheer oor veiligheidsinstellings en die impak daarvan op staatsbestuur tot verdere uiterstes geneem.

Tydens Zuma se termyn het die plek en rol van die sekerheidsgroepering ook meer prominent geraak en was hier selfs sprake van sekurokrisering. Met sekurokrisering word bedoel die meer openlike en direkte aanwending van veiligheidsinstellings om sekuriteit in die algemeen en wet en orde in die besonder te handhaaf. Verskeie organisasies (sommige met 'n radikale inslag) het in die onlangse verlede reeds hulle kommer uitgespreek oor "onregmatige" politieke intelligensie waarin hulle na bewering geteiken is. Hieronder geld die Landless People's Movement, Anti-Privatisation Forum, Numsa, die United Front, Right2Know, verskeie mediagroepes, die openbare beskermer en die vakbond Amcu, asook opposisiepartye (vgl. Right2Know 2013; Duncan 2014:3–11). Die aanwending van onlustepolisie tydens eskalerende proteste oor swak dienslewering en veral die Marikana-insident is ander voorbeelde hiervan. Die dood van Tebogo Mkhonza in 2004 en Andries Tatane in 2011 is direk toegeskryf aan brutaliteit van die polisiemag.

Die aanloop en uitspeel van die gebeure op 12 Februarie 2015 met die parlamentsopening (waar onstabiliteit en wanorde geheers en waar selfoonontvangs geblokkeer was) het 'n versterkende sekurokrisiese tendens bo alle twyfel bevestig. Die beperkings op selfoonkommunikasie en die soms hardhandige verwydering van parlamentslede deur polisielede ("withemde") het geen twyfel gelaat oor hoe ver die Zuma-regering bereid is om te gaan en watter middele aangewend sou word om die President en sy direkte belange asook kliëntekorps te beskerm nie. Op 'n manier het hierdie optredes die persepsie opnuut bevestig dat Jacob Zuma as taktiese krygsheeroptree. Dit is 'n reputasie wat hy tydens die 1980's in KwaZulu-Natal as gevolg van die konflik tussen die United Democratic Front (UDF) en die Inkatha Vryheidsparty (IVP) ontwikkel het.

Vanuit die bogenoemde agtergrond kom die volgende vrae na vore:

- Wat beteken dit wanneer 'n staat sekurokrisiseer?
- Is die Suid-Afrikaanse staatkundige bedeling besig om te sekurokrisiseer?
- Wat behels so 'n neiging tot sekurokrisering?
- Watter gevolge hou sekurokrisering in vir die konstitusionele demokrasie en die konsolidering van demokratiese waardes en instellings?

Hierdie artikel² beoog om slegs 'n verkennende perspektief (oorsig) te bied en 'n tendensbepaling te maak aangaande die staat se sekurokrisering en die uitwerking hiervan binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks in die huidige tydsgewrig. Spesifieke fokus sal geplaas word op die intelligensiediens en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD). Fokuspunte van die artikel sluit in:

- die plek en rol van die staat in samelewingsverband
- pretorianisme en veiligheidsinstellings se rol in politiek en die samelewing
- die sekurokrisering van die huidige staatkundige bestel in Suid-Afrika – 'n tendensbepaling
- die gevolge van die staat se sekurokrisering vir die konsolidering van demokratiese waardes.

2. Die plek en rol van die staat in samelewingsverband


Die klassieke werk van L.J. du Plessis, *Die moderne staat* (1941), beskryf die staat breedweg as 'n organisasie van mense in die samelewing, 'n "eenheidsreëling" gekenmerk deur die onderskikking van 'n meerderheid (die burgers) onder 'n minderheid ('n politieke elite/owerheid/regering) (1941:3). (Vgl. ook Griffith 2015:68–91 en Heywood 2013:57–60.) Hoewel daar in die literatuur verskeie standpunte en beskouings bestaan oor die staat as politieke verskynsel, kan die volgende kenmerke min of meer generies aan alle state verbind word:

- 'n staatsterritorium of geografiese verwysing waar die soewereiniteitsbeginsel vooropgestel word
- 'n permanente bevolking (burgery) binne die betrokke staatsterritorium
- owerheidsinstellings (insluitend die regering) wat bindende besluite oor die burgery neem en uitvoer
- 'n heersende instelling binne die groter samelewing wat mag (in die uiterste vorm as legitieme geweld) kan aanwend teenoor enige interne of eksterne bedreiging vir die betrokke staat.

(Vgl. Heywood 2013:57–60; Poggi 1990:19–21; Tilly 1975:70; Greffrath 2015:68–91; Du Plessis 1941:3; Weber 1947:156.)

Vir 'n perspektief op state en die plek en aanwending van veiligheidsinstellings in hierdie verband word 'n eenvoudige klassifikasiesisteem ontwikkel deur gebruik te maak van funksionaliteit (of nie) en grondwetlikheid (of die afwesigheid daarvan). Die veranderlike wat met funksionaliteit/disfunksionaliteit te maak het, opereer enersyds met die teenstelling wat afgelei word uit die Weberiaanse staatsbeskouing (die sterk funksionele staat) met 'n monopolie op die legitieme aanwending van mag. Hierteenoor geld andersyds in die uiterste vorm die Hobbesiaanse beskouing, wat politiek beskryf as 'n ewige stryd tot die dood waarin 'n vorm van "staatloosheid" (anargie of wetteloosheid as diepste veronderstelling dien. (S.P. Huntington 1965:14 beskryf hierdie vorm van staatloosheid as pretoriaanse samelewingstoestande.) Hier is die norm disfunksionaliteit van die staat.

Die teenstelling kan só voorgestel word:




Figuur 1. Staatsfunksionaliteit vs. –disfunksionaliteit

Die tweede aspek van die klassifikasie het te maak met die vorm van staatswese as magstate(meestal niegrondwetlik) en regstate(wat meestal demokraties gedefinieer word).³



Figuur 2. Regstate vs. Magstate

Hierdie twee stelle kriteria kan soos volg deur 'n matriks voorgestel word en is besonder bruikbaar om tendense vas te stel vir die sekurokrisering van die Suid-Afrikaanse staat asook in ander staatkundige bedelings.



Figuur 3. Matriks van staatsvorm en funksionaliteit

Die omgewing van disfunksionaliteit weens 'n tendens/skuif van gerigtheid op 'n regstaat na gerigtheid op 'n magstaat (veral kategorie C) kan beskryf word as gunstige teelaarde vir optredes wat met sekurokrisering verband hou. In uiterste gevalle kan sekurokrisering ook na vore kom binne die raamwerk van 'n sterk magstaat (kategorie D) – dikwels 'n staat wat totalitêr kan optree met 'n sterk outonomie vir veiligheidsinstellings. Historiese voorbeelde hiervan is Nazi-Duitsland en die voormalige USSR met Noord-Korea, China en Iran as meer eietydse voorbeelde in hierdie verband.

Die raamwerk van 'n verswakkende staat (disfunksionaliteit) kan dien as belangrike en onafhanklike veranderlike om die sekurokrisering van die staat te verstaan. Veral binne hierdie konteks kan militêre ingrypings in talle state binne die ontwikkelende wêreld voorkom (vgl. Palmer 1989:233–56). Die konteks van 'n verswakkende staat verskaf ook 'n sterk grondslag vir 'n beter begrip van die Suid-Afrikaanse staatkundige praktyk en tendense wat met sekurokrisering verband hou. Staatsverswakking (disfunksionaliteit) veronderstel, aldus Ali Mazrui (1995:28), onvermoë of beperkte vermoëns op die volgende gebiede:

- politieke beheer van die staatsterritorium
- toesig (nie noodwendig beheer nie) oor nasionale hulpbronne
- belastingheffing en -invordering
- instandhouding en uitbouing van infrastruktuur

- dienslewering in die algemeen
- regeerkundige, bestuursmatige en administratiewe praktyke.

Funksionele state presteer gunstig, gemeet aan die bogenoemde kriteria, terwyl die omgekeerde vir disfunksionele state geld. Bogenoemde kenmerke is in 'n meer negatiewe sin duidelik aanwesig binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks en toon die volgende uitkomst (vgl. Migdal 1988:214–26):

- Die rondskuif van personeel (balanseertoertjies en herplasing van politieke kragte en magte)
- Politieke vuilspel (ondergrawing van die opposisie en politieke opponente);
- Nie-meriete aanstelling (kaderontplooiing en aanstellings in 'n neopatrimoniale⁴ verband).

(vgl. ook Greffrath 2015:147–62.)

Hierdie kenmerke is nie onbekend aan die Suid-Afrikaanse politiek nie, en het nuwe uiterstes bereik onder die presidentskap van Jacob Zuma. Hiervan getuig die hantering van die klagtes aanklagte teen hom in die volgende gevalle: die opbou tot die Polokwane-konferensie (2009), Guptagate, Nkandlagate, die beheer en pogings tot beheer van sommige artikel 9-organisasies, waaronder die openbare beskermer, die Onafhanklike Verkiesingskommissie, die Menseregtekommissie, asook instellings soos die Nasionale Vervolgingsgesag en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

Selfs die rol van die parlement (die hoogste wetgewende gesag in die land) het in sommige opsigte 'n slagoffer geword van Zuma se neopatrimoniale verbintenisse en optredes as uitvloeisel hiervan. Die aanstelling van Zuma-lojaliste in sleutelposisies in die parlement (beide polities en administratief) kan hier vermeld word. Voorbeelde van parlamentslede met sterk lojaliteit aan Zuma sluit in Gugile Nkwinti (minister van landelike ontwikkeling en grondhervorming); Nathi Mthethwa (minister van kuns en kultuur); Faith Muthambi (minister van kommunikasie); Nathi Nhleko (minister van polisie) Senzeni Zokwana (minister van landbou, bosbou en visserye) en David Mahlobo (minister van staatsveiligheid). Hierdeur word die rol van veiligheidsinstellings (die JCPS-magsgroep) telkens sterk veronderstel. Bykans soos in die 1980's van president P.W. Botha dien die sekuriteitsgroepeerings en verbandhoudende strukture as 'n filter, soms skeidsregter, alvorens wetgewing en ander sake vir die parlement voorberei en gefinaliseer word. Die verslag van die Minister van Polisie aan die parlement oor veiligheidsopgraderings by Nkandla (ook bekend as die Nhleko-verslag) is in Maart 2015 aan die parlement voorgelê. In teenstelling met die openbare beskermer se bevindings, kom die Nhleko-verslag tot die gevolgtrekking dat president Zuma nie finansiële aanspreeklik gehou kan word vir die opgradering van sy Nkandla-woning nie. Die Nhleko-verslag is dan ook met 198 stemme teenoor 93 deur die parlement aanvaar.

Johnson (2015:45–9) verwys selfs na hierdie tendense as die “kriminalisering” van die staat wat onder die Zuma-bewind verdere uiterstes bereik het, en gebruik talle voorbeelde om die stelling te staaf. Dit is veral die aspek van kriminalisering (met verwysing na neopatrimonialisme) wat van belang is vir politieke praktyke waar die sogenaamde sterk man die politiek van die dag oorheers. Hierdie aspek verdien verdere toeligting en het spesifieke gevolge vir die manier waarop die staat se veiligheidsinstellings aangewend word.

Patrimoniale gesag (onderskei van rasioneel-wetlike gesag volgens Max Weber) beklemtoon die mag van individue as leiers wat eiesoortige magsbasisse onafhanklik van die formele staatsektor handhaaf (etnies, raskundig, religieus, tradisioneel, ens.). Die onderliggende

filosofie is dat die “koning” (“sterk man” binne die Afrika-konteks) weens andersoortige magsbasiswaise verhewe is bo die reg, dat mag afkomstig van hierdie magsbasiswaise die reg bepaal (in navolging van Machiavelli). Die gevolg is dat politiek ’n Hobbesiaanse karakter vertoon as “a restless desire for power after power that ceaseth only in death”. Dit beteken onder meer dat “the king can do no wrong!” – en dat leiers belangriker as instellings raak. Hiervolgens ken die leierskap waardes en skaars middele (regte en voorregte) toe aan ’n bepaalde kliëntebasis in ruil vir politieke steun en ander voorregte. Bratton en Van de Walle (1997:62) beskryf hierdie handeling (wat in minstens 40 Afrikastate voorop staan), soos volg: “The ruler ensures the political stability of the regime and personal political survival by providing a zone of security in an uncertain environment and by selectively distributing favours and material benefits to the loyal followers who are not citizens of the polity so much as the ruler’s clients.” Hierdie patroonmatigheid was reeds in die Mbeki-periode aanwesig in die Suid-Afrikaanse politiek en is onder meer soms na verwys as die Xhosa-nostra.

’n Neopatrimoniale bestel is volgens hierdie denke ’n hibriede stelsel waar patrimonialisme opereer in samehang met rasioneel wetlike praktyke (soos dit o.m. in staatsburokrasieë voorkom). Die verskil is egter dat die staatkundige praktyke telkens ondergeskik is, of algaande ondergeskik raak, aan die patrimonialistiese inslag. Hier gaan dit oor mense, met hulle magsbasis en gepaardgaande voordele, eerder as instellings, wette, ens. Persoonlike mag soos gesetel in die “sterk man” is in bepaalde omstandighede toonaangewend wanneer dit gekontrasteer word met institusionele mag, herlei vanuit ’n regsgrondslag – dit wil sê, die regstaat. (Vgl. hier ook Migdal 1988:39–41, 238–77 oor die rol van die “sterk man” in postkoloniale samelewings binne Afrika.) Clapham (1968:49) verwys na bogenoemde as “the most salient type of authority”. In dieselfde sin beskryf Bratton en Van de Walle (1997:62) dit soos volg:

Although state functionaries receive an official salary, they also enjoy access to various forms of illicit rents, prebends, and petty corruption, which constitute a sometimes important entitlement of office. The chief executive and his inner circle undermine the effectiveness of the nominally modern state administration by using it for systematic patronage and client list practices in order to maintain political order. Moreover, parallel and unofficial structures may well hold more power and authority than the formal administration.

Wanneer die mag van die sogenaamde sterk man bedreig word, kan veiligheidsinstellings, meestal onder vertrouelinge van hierdie leier se beheer, aangewend word om magsposisies, persoonlike belange en rykdom van die leier en sy betrokke elite te beskerm. Hiervolgens word staatsinstellings, waarvan die oorspronklike doel die bevordering van die algemene belang is, gereduseer tot instellings wat uitsluitlik die private belang van die sterk man, sy elite en kliëntebasis bevorder. Onder die leierskap van Jacob Zuma het hierdie tendens ten minste al sigbaarder begin raak binne die Suid-Afrikaanse politieke omgewing. Dit het kenmerke begin toon van wat reeds oor dekades heen prominent binne staatkundige praktyke in Afrikastate waargeneem is. Na hierdie ontwikkeling en verwante verskynsels word in politieke terme soms verwys as Zumafikasie, Zoelofikasie, Zumaïete en ’n Zoeloe-nostra en dit hou verreikende gevolge in vir die plek en rol wat veiligheidsinstellings binne die huidige staatkundige bestel vervul.

Onder die bewind van Zuma het hierdie “etnifisering” van die staat bepaalde grense oorskry. Die stand van sake met die sekerheidsgroepering (2009–2011/12) is ’n treffende voorbeeld hiervan: dit raak die skommelings van staatsamptenare en semistaatsamptenare se poste, soos dié van Jeff Radebe (Justisie), Nathi Mthethwa (Polisie), Ben Ngubane (SABC), Bheki Cele (SAPS), Lizo Njenje (NIA) en Menzi Simelane (NVG). Binne ’n bestel wat vroeër as die swakstaatverskynsel beskryf is, het gereelde wisseling in hierdie poste plaasgevind en is die

meerderheid van bogenoemde aanstellings reeds weer verander. Die aanstelling van Zuma-lojaliste het egter die norm gebly.

Johnson (2015:245–6) kom in hierdie opsig tot die volgende gevolgtrekking, belyn met bogenoemde verskynsel oor die breë Suid-Afrikaanse politiek:

As we have seen, in power the ANC has actually become more chiefly, more tribal, a giant federation of political bosses held together by patronage, clientelism and concomitant looting and corruption. This has created a political regime which is quite incapable of managing and developing a modern state. It may take great social convulsions to change that because the groups now in power will not easily let go of it.

Hy wys verder daarop dat “[t]he result is an imminent crisis on many fronts. So, somewhere out ahead of us lies a regime change towards a form of governance which is closer to South Africa’s underlying sociological realities.” Die ontwikkeling tot so ’n politieke omgewing hou diepgaande gevolge in vir die plek en rol wat veiligheidsinstellings binne die groter staatkundige bedeling moet vervul.

Om saam te vat:

- State is dominante instellings wat ’n monopolie het op die aanwending van mag en, in bepaalde omstandighede, ook geweld. Wat die gebruik van geweld betref, speel veiligheidsinstellings soos die weermag, polisie, intelligensie en selfs die milisie van die party, ’n deurslaggewende rol.
- Die verswakking van die staat en ontwikkeling van interne bedreigings vir die staat bevorder tendense van ’n magstaat, wat nuwe en veranderende rolle aan veiligheidsinstellings toeken in hulle gebruik van mag en “legitieme geweld”.
- Patrimonialisme en neopatrimonialisme skep ’n omgewing waarin die belang van die “sterk man”, sy elite asook dié van die kliëntebasis, aktief deur die staatstrukture bevorder kan word en waarin veiligheidsinstellings die belang van ’n eksklusiewe groepering selfs met “legitieme geweld” kan bevorder.
- Patrimoniale en neopatrimoniale tendense word al duideliker sigbaar in die Suid-Afrikaanse politiek onder die leierskap van Jacob Zuma.

Met die voorgaande as algemene vertrekpunt geneem, kan die fokus in groter besonderhede geplaas word op die aard van die praktyk wat soms “pretoriaanse politiek” genoem word.

3. Pretorianisme en veiligheidsinstellings se rol in die politiek en die samelewing

Die term *pretor* kom van die Latynse woord *praetor* en het die konnotasie van lyfwag, skildwag of beskermheer (vgl. Duvenhage 1994:159–65). Die herkoms van die politieke praktyk van pretorianisme (aanvanklik genoem *cohors praetoria*) is waar die generaal van die legioene persoonlike wagte aangestel het om sy tent te beskerm. Dit het later ontwikkel tot die sogenaamde pretoriaanse wag – hoofsaaklik gesetel in Rome – en het deel geword van die magspolities van die Imperium, waar die invloed van die pretors soms beslissende

oorwegings was by politieke aanstellings en/of verwydering van individue uit bepaalde ampte.

In meer moderne omstandighede, waar samelewings deur die kragte van veral modernisasie ontwig is, tree veiligheidsinstellings, dikwels in belang van orde en stabiliteit, tot die politiek toe en vervul 'n rol soortgelyk aan dié van pretors in die Romeinse Imperium. Hierna word in politieke studies verwys as moderne pretorianisme – 'n uitvloeisel van pretoriaanse samelewingstoestande. Onstabiliteit as samelewingstoestand en die strewe na wet en orde binne die groter staatkundige bedeling vorm dikwels die motivering vir vorme van pretorianisme en sekurokratisering. Dit is min of meer wat Suid-Afrika tans ervaar en waarna telkens as dinamiese ekwilibrium of onderbroke ekwilibrium (*punctuation*) verwys word met vorme van sekurokratisering as uitvloeisel.


Met 'n pretoriaanse samelewing word bedoel:

a society which lacks law, authority and discipline and consensus, where private interests dominate public ones, where there is an absence of civic obligation and duty, where in short political institutions are weak and social forces strong. (Huntington 1965:416)

In samelewings soos hier beskryf, is vlakke van politieke deelname – al die verskillende vorme – geweldig hoog, maar daarteenoor is die strukture wat hierdie deelname moet hanteer, swak ontwikkel. Dit veronderstel patrone van politieke onstabiliteit en voorsien 'n politieke vakuum wat veiligheidsinstellings polities kan oriënteer. Pye (1962:84) beskryf hierdie tendens deur dit te stel dat: "In a disrupted society [...] (the military is) the only effective organized element capable of competing for political power and formulating policy."

Die betrokkenheid van veiligheidsinstellings op die terrein van die politiek kan, teoreties gesproke, hiervolgens toegeskryf word aan die gebrek of selfs die afwesigheid van doeltreffende politieke instellings in die samelewing. Die veiligheidsomgewing, veral die militêre sy, is telkens in die beste posisie om 'n ondersteuningsrol in omstandighede van politieke onstabiliteit te bied. In uiterste omstandighede is "pretoriaanse politiek" die laaste opsie om revolusie ('n ontploffing van politieke deelname, aldus Huntington 1968:264–334) te keer. Revolusie kan hier as uiterste vorm van politieke onstabiliteit voorgelê word. Sodanige situasies, waarna nou verwys word as die Arabiese Lente, het uitgespeel in state soos Egipte, Tunisië, Algerië, Jordanië en Bahrein (vgl. Greffrath en Duvenhage 2015:377–94).

Skematies kan die bostaande argument soos volg gerekonstrueer word:



Figuur 4. Sekurokratisering in pretoriaanse samelewings

In 'n omgewing waar pretoriaanse politiek sterk na vore kom, kan veiligheidsinstellings twee vorme van meer konvensionele politieke rolle vervul, naamlik dié van politieke skeidsregter of van staatsbouer. Hierdie rolle word kortliks toegelig.

3.1 Politieke skeidsregter

Hierdie rol word vervul deurdat veiligheidsinstellings (veral die weermag) 'n staatsgreep voltrek, waarna politieke mag onder bepaalde voorwaardes (verkiegings, grondwetlike hervormings, herstel van politieke stabiliteit, ens.) aan 'n burgerlike bewind teruggegee word. 'n Vergelykbare skeidsregtersrol is onlangs tydens die Arabiese Lente in Egipte uitgevoer met die verwydering van die bewind van Mohamed Morsi en die Moslem-broederskap. (Dit is min of meer ook wat onlangs in die Suid-Afrikaanse buurstaat Lesotho gebeur het.) Hierdie uitvloeisel is meestal tydelik, hoewel militêre leiers soms ook tot politieke prosesse kan toetree en dus poog om die mag te behou, soos Peron in Argentinië. Militêre ingryping is gevolglik 'n voorloper tot politieke deelname. In sommige gevalle kan veiligheidsinstellings bydra tot die institusionele ontwikkeling van 'n staatkundige orde en selfs demokratiese staatspraktyke fasiliteer, soos met Charles de Gaulle in Frankryk (1958) tydens die beëindiging van die sogenaamde Vierde Republiek en die daarstelling van die Vyfde Republiek.

3.2 Die weermag as staatsbouer

Huntington (1968:225, 232–3) beskryf die rol van militêre instellings in hierdie opsig as “the guardians and perhaps the purifiers of the existing order”. Hiervolgens definieer militêre instellings 'n omgewing van orde en stabiliteit as vertrekpunt vir die ontwikkeling van politieke instellings. Huntington (1968:239, 242–3) maak die stelling dat “(c)olonels can run a government; students and monks cannot.” Hy voer verder aan:

Unlike a charismatic leader or the leader of a particular social force, the military leaders do not face an insoluble dilemma in the development of political institutions.

As a group, the military junta can retain power at the same time that they institutionalize it. They can, in a sense, convert military intervention in politics into military participation in politics.

In die vroeë 20ste eeu het Mustafa Kemal deur die weermag se ingryping moderne Turkye tot stand gebring. Die herkoms en ontwikkeling van Westerse staatspraktyke het dikwels 'n sterk gedefinieerde militêre aanloop en geskiedenis gehad waarin laasgenoemde 'n belangrike onderdeel van 'n groter staatsbouproses uitgemaak het.

Bogenoemde rolle (skeidsregter en staatsbouer) kan as histories meer konvensioneel beskryf en aangedui word. Wanneer militêre/veiligheidsinstellings egter gebruik word om die belange van die "sterk man" en sy elite eksklusief te bevorder, word 'n andersoortige vorm van pretorianisme gevestig. Hierdie tendens bied insig in die verstaan van die proses wat hom tans in Suid-Afrika aan die voltrek is.

3.3 Neopatrimoniale pretorianisme⁵

In omstandighede van 'n verswakkende staat, patrone van politieke en institusionele verval en patrimonialisme en neopatrimonialisme kan veiligheidsinstellings soos die weermag, polisie en intelligensiedienste gebruik (en misbruik) word om die belang van 'n bepaalde elite of groepering in stand te hou, te bevorder en selfs uit te bou. Hierdie praktyk kan as onkonvensioneel beskryf word en word met 'n korrupte staatspraktyk vereenselwig. In hierdie opsig kan veiligheidsinstellings optree as die beskermmer van die "sterk man" en ook die "swaardmag" van die staat direk of indirek aanwend teen opponente of bedreigings teen hierdie leier, sy lojaliste en verbandhoudende kliëntekorps. Só word staatsmag, met inbegrip van regerings- en regimemagte, aangewend om persoonlike belange te beskerm en te bevorder. Dit kan geskied deur praktyke soos die ondermyning van politieke instellings, korrupsie, omkoperij, nepotisme, aanstelling van vriende, begunstiging en verduistering. Vandaar die term *neopatrimoniale pretorianisme*.

Hierdie praktyke kan in so 'n mate gevestig en geïnstusionaliseer raak dat die staat die kenmerke van 'n kleptokrasie kan vertoon. Hierdie staatsvorm is een waar die owerheid se amptenare hulle eie finansiële belang direk bevorder; in die geval van Suid-Afrika is dit iets waarvan Jacob Zuma en sy familienetwerke en -belange beskuldig word (vgl. Johnson 2015:45–9). Veiligheidsinstellings kan in hierdie opsig optree as borg en beskermheer van praktyke soos dit met "korrupte" state vereenselwig word.

3.4 Om saam te vat

- Die politieke rol van veiligheidsinstellings is histories bekend, hoogs ingewikkeld en kan verskeie praktyke veronderstel.
- Pretoriaanse samelewingstoestande bevorder die moontlikheid van ingrypings deur veiligheidsinstellings op die terrein van die politiek en die staat.
- Histories-konvensioneel kan veiligheidsinstellings in die algemeen twee soorte rolle vervul, te wete dié van politieke skeidsregter of dié van staatsbouer.
- In omgewings van 'n verswakkende staat en patrimoniale en neopatrimoniale tendense kan veiligheidsinstellings egter as beskermheer optree van 'n korrupte staat, asook van optrede wat met sodanige staatspraktyk verbind kan word.

Met voorgaande as ontledingsraamwerk val die fokus vervolgens op die toepassing van hierdie politieke praktyk binne die Suid-Afrikaanse konteks.

4. Sekurokrisering van die huidige staatkundige bestel in Suid-Afrika?

4.1 Die politieke omgewing in 2015⁶

Verskeie onlangse bydraes, asook die politieke ontledings van talle, selfs uiteenlopende, ontleders, beklemtoon die opbou na die een of ander politieke krisis.⁷ Uitsprake van politieke elites en meningsvormers soos Moeletsi Mbeki ("I can predict when South Africa's 'Tunisia Day' will arrive"); Zwelinzima Vavi ("Ticking time bomb waiting to explode"); en *The Economist* ("Cry, the beloved country") beklemtoon die onsekere politieke omgewing en onbekende dinamika wat tans voorsien word. 'n Kombinasie van veranderlikes in die Suid-Afrikaanse politieke omgewing skep tans 'n situasie wat vroeër in die artikel as onderbroke ewilibrum beskryf is. Hiervolgens word relatief lang periodes van orde en stabiliteit ('n status quo) vervang met korter dinamiese en epogmakende momente waar 'n bestaande orde radikaal verander word om 'n nuwe orde tot stand te bring. Die aanduidings is daar dat Suid-Afrika tans so 'n fase van verandering betree, en die makrodinamiese faktore kan skematies soos volg voorgestel word:⁸




Figuur 5. Makrotendense in die Suid-Afrikaanse staatsbestel

Die onlangse afdanking van Nhlamhla Nene as minister van finansies het 'n ongekenende dinamika in die politieke ekonomie van die land veroorsaak wat belyn is met bogenoemde

tendens wat vroeër as “onderbroke ekwilibrium” beskryf is. Die voortslepende studentepotes en soms gewelddadige opstande onder die vaandel van #feesmustfall het as uitvloeisel gehad versterkte sekurokrisering en bewysgrond dat die Suid-Afrikaanse samelewing toenemend as pretoriaans (soos vooraf gekonseptualiseer) beskryf kan word.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat ’n kombinasie van politieke, ekonomiese en sosiale faktore die politieke omgewing gaan destabiliseer en tans beslag gee aan ’n politieke omgewing wat vroeër in die artikel as pretoriaanse samelewingstoestande aangedui is. Die huidige ontplooiing van die weermag (saam met die SAPD) in gebiede waar xenofobiese geweld onlangs voorgekom het, asook operasie Fiela-Reclaim,⁹ bevestig tendense van sekurokrisering as uitkoms van toenemende sosiale onstabiele in Suid-Afrika. (Hou egter in gedagte dat ooreenkomstig die Verdedigingswet 24 van 2002 (Artikel 19) die weermag (in opdrag van die president) personeel kan stuur om die SAPD te ondersteun in die handhawing van wet en orde. Hieroor moet die president die parlement egter inlig.) Hoewel binne die raamwerk van die wet, kan hierdie optrede met krisis- (pretoriaanse) omstandighede verbind word en is veral in die media kommer uitgespreek dat daar soms buite die voorgeskrewe mandaat gehandel word.

Kragtens die voorgaande matriks is dit duidelik dat ’n samespel van dinamiese kragte die Suid-Afrikaanse politieke omgewing neem na kwadrante B, C en D, wat pretoriaanse politiek al meer moontlik maak. Die wesenlike vraag is egter hoe die veiligheidsinstellings gaan reageer op ’n toenemend onstabiele samelewingsorde wat in dinamiese ekwilibrium vasgevang is. Twee instellings wat vir doeleindes van hierdie studie uitgesonder word, is die intelligensiediens en die SAPD.¹⁰ Skematies kan die plek van hierdie instellings binne die groter institusionele veiligheidsraamwerk soos volg voorgestel word:



Figuur 6: Skematiese uiteensetting van die sekerheidsinstellings

4.2 Sekurokriseringstendense (die Intelligensiediens)

Vir ’n deeglike perspektief op die toekoms van sekurokrisering binne die intelligensie-omgewing moet ’n kort historiese perspektief ontwikkel word waarin bepaalde tendense blootgelê kan word as grondslag vir ’n projektering vir die toekoms. Die historiese konteks

van sekurokritisering met spesifieke verwysing na die Intelligensiediens word kursories weergegee in 'n poging om die ontwikkelingslyn hiervan te rekonstrueer.

4.2.1 Die periode voor 1990

Vanaf die 1970's, in 'n omgewing van politieke onstabiliteit (die Soweto-opstand, die noodtoestand en die onderskeie grens- en bosoerloë), het veiligheidsinstellings soos die polisie, weermag en intelligensiediens hulle invloed in die politieke omgewing laat geld. Dit het ontwikkel in die sogenaamde veiligheidsbestuurstelsel wat tydens die 1980's 'n prominente besluitnemingstruktuur ook vir politieke sake geword het. Die werk van Philip Frankel, *Pretoria's praetorians* (1984), gee die toedrag van sake volledig weer.

Met die onderhandelingsproses van die 1980's en die politieke oornam van voormalige president F.W. de Klerk is die konsep van die "totale aanslag" vervang met die soeke na politieke antwoorde binne die raamwerk van demokrasie soos ingebed in 'n regstaatidee. 'n Proses van demilitarisering en die plasing van veiligheidsinstellings onder burgerlike beheer was deel van die onderhandelingsproses en om vir die 1994-verkiezing voor te berei. Dit het die weg gebaan vir 'n betreklik vry en regverdige verkiezing en die totstandkoming van 'n regering van nasionale Eenheid (voortaan RNE).

4.2.2 Die RNE: 1994–1998

Die tydperk direk na die verkiezing en die RNE is gekenmerk deur die integrasie van diverse instellings, uit die apartheidsverlede en alternatiewe strukture, in geïntegreerde nasionale strukture en burgerlike beheer oor die weermag soos gereël deur die Witskrif op Verdediging van 1996. Sentrale vertrekpunte binne hierdie denkpatroon post-1994 het die volgende behels: politieke neutraliteit; 'n balans tussen geheimhouding en deursigtigheid; demokratiese oorsig; wetgewende raamwerke; asook goeie regeerkundige, bestuurs- en administratiewe praktyke. Dit het ook betrekking op gesonde geïnstitusioneerde burgerlik-militêre verhoudinge (of burgerlike beheer oor die weermag) soos gereël deur die Witskrif op Verdediging van 1996. Die regstaatidee met gesonde demokratiese praktyke het tydens hierdie fase as norm gedien. Met die beëindiging van die RNE en die oornam van Thabo Mbeki as president is 'n nuwe fase betree waarin veiligheidsinstellings in ander strukture geplaas sou word.

4.2.3 Thabo Mbeki: 1999–2003


Die tydperk van 1999 tot 2003 is gekenmerk deur sentralisering en versterkte politieke beheer oor veiligheidsinstellings. Die belangrikste gevolg hiervan was die totstandkoming van 'n onafhanklike ministerie van intelligensie (onafhanklik van die Departement van Justisie) en die hersiening van die White Paper on Intelligence teen die agtergrond van 'n herwaardering en herbeoordeling van die veiligheidsituasie in Suid-Afrika. Gedurende hierdie tydperk is die Intelligensie-akademie (SANAI) ook tot stand gebring in 'n poging om meer vermoë te skep en is die Presidential Intelligence Support Unit (PISU) in die lewe geroep om die president en kabinet oor veiligheidsaspekte te adviseer. Die veiligheidsomgewing se rol en invloed het in hierdie tyd vergroot met die sentralisering van mag en vermoëskopping as sentrale fokuspunte. 'n Raak voorbeeld hiervan is Projek Avani, waarvolgens die Mbeki-regering "politieke intelligensie" oor faksiegevegte (veral die Zuma-Mbeki-magstryd) ingesamel het, met die fokus op individue soos Saki Macozoma (sakeman en korporatiewe leier) en ander rolspelers. Hierdie gevalle beklemtoon dat tendense van sekurokritisering reeds in hierdie tydperk na vore begin tree het.¹¹ Dit was die omgewing waarin minister Ronnie Kasrils beheer van die intelligensieportefeulje geneem het.

4.2.4 Ronnie Kasrils: 2004–2008

Die fase onder Ronnie Kasrils staan in die teken van 'n herbeoordeling van die sekuriteitsomgewing (die ministeriële hersieningskommissie onder leiding van Joe Matthews), die opskorting van die PSU en die vestiging van intelligensiestrukture (bestuur en bevel) weg van ander instellings soos die polisie en weermag en onder beheer van veral partykaders. Van den Berg (2014:135) beskryf hierdie fase soos volg: “This period reflects a reverse change as observed from the previous period, namely in moving from a low tendency of intelligence to intervene in politics to that of a high tendency of intelligence to intervene in politics and from a high political intervention in intelligence towards low political intervention.” (Vgl. ook Africa (2012) vir die evolusie van beleid binne die intelligensie-omgewing tussen 1994 en 2009.) Dit was die toedrag van sake op die vooraand van die oorname van Jacob Zuma en die herroeping van Thabo Mbeki as president van Suid-Afrika.

4.2.5 Jacob Zuma: 2009–2015

Die manier waarop Jacob Zuma die mag bekom het, die terugroep van Thabo Mbeki as president, en 'n onstabiele party-omgewing het 'n “politieke suiwering” genoodsaak (voorgehou as “transformasie”). Dit was een van die belangrike terreine waarop Zuma sy mag en invloed bykans onmiddellik laat geld het en wat gevolglik die grondslag gelê het vir die oorname en konsolidering van ander magsbasse. Nie een van die ministeriële hersieningskommissie se aanbevelings is aanvaar nie en Siyabonga Cwele ('n vertroueling van Zuma) is as minister van intelligensie aangestel. Ingrypende herstrukturering het gevolg in die tydperk 2009 tot 2013. 'n Nuwe struktuur moes verskeie instellings konsolideer, waaronder die National Intelligence Agency (NIA), South African Secret Service (SASS), South African National Academy for Intelligence (SANAI), National Communication Centre (NCC), Office of Interception Centre, en Electronics Communications Security (COMSEC) (Van den Berg 2014:136-137). Met nuwe wetgewing kragtens die General Intelligence Laws Amendment Act (nr. 11 van 2013) is mag verder gesentraliseer. Sodoende het sowel ontleders as die media die niedemokratiese, en by implikasie niegrondwetlike, aard van die sekurokriseringstendens begin uitwys. Skematies kan hierdie tendens soos volg voorgestel word:



Figuur 7. Die sekurokriseringstendens onder Jacob Zuma

4.3 Om saam te vat

Ná die bewindsoorname in 1994 was daar tot 1999 'n sterk tendens van demokratisering waar intelligensie-instellings (wetlik en andersins) onder burgerlike en demokratiese beheer geplaas is. Na 1999 het faktore soos die sentralisering en konsolidering van mag, die oorsigrol van Luthuli-huis en 'n toenemend niedemokratiese leierskapstyl begin dui op 'n algemene niedemokratiese tendens. Sekurokrisering en die sentralisering van mag was aan die orde met al meer tekens van die politieke praktyk wat vroeër in die artikel as neopatrimoniale pretorianisme uitgewys is.

5. Sekurokriseringstendense (die SAPD)

Die sentralisering van mag, asook patrone van die militarisering binne die SAPD, het sedert die bewindsoorname van Jacob Zuma ook sterker na vore gekom. In 'n politieke bedeling waar norme van die regstaat en demokrasie geld, is die polisie se uitersaard onderhewig aan uitgebreide wetgewing, regulasies, asook kontroles soos die Handves vir Menseregte en etiese kodes. Hulle optredes is daarby ook onderworpe aan parlementêre-oorsigfunksies. Hoewel ook onder burgerlike en parlementêre toesig, word die weermag (soos die SAPD) ondermyn deur neopatrimoniale neigings. Die weermag het egter toegang tot gesofistikeerde toerusting en wapentuig en in samehang met die SAPD (artikel 19 van die Verdedigingswet van 2002) in opdrag van die president beskik hierdie instellings oor uitgebreide regte en magte om "legitieme geweld" binnelands uit te voer.

In die lig van bostaande beteken die militarisering van die polisiemag andersoortige reëls met inbegrip van presidensiële sanksie vir optredes en makliker toegang tot magsmiddele en toerusting om konfliktsituasies gewelddadig te kan hanteer. In 'n omgewing van 'n verswakkende staat waar neopatrimoniale praktyke sterker uitstaan, soos tans in Suid-Afrika die geval is, laat dit groot ruimte vir die misbruik van mag. Die militarisering van die polisie veronderstel gevolglik die aanwend van militêrgerigte mag (of dan geweld) as meganisme om interne konfliktsituasies te bestuur. Dit skep binne hierdie raamwerk gevolglik ook ruimte vir die wanaanwending van staatsmag vir uitsluitlike politieke belang.

Kraska (2007:501–13) identifiseer in hierdie verband vier kriteria waaraan die mate van die polisiemag se militarisering gemeet kan word:

- materiële aanwysers – die toewysing en gebruik van middele en toerusting
- kulturele aanwysers – militêre voorkoms, tradisies en optredes
- organisatoriese aanwysers – die soort bevel- en beheerstruktuur, elites en spesialiseenhede, asook rangstrukture en manier van beplanning
- operasionele aanwysers – die gebruik van intelligensie, asook gesamentlike optredes van die weermag en polisie.

Wanneer bogenoemde kriteria op die Suid-Afrikaanse konteks toegepas word, moet die onderstaande punte uitgelig word.

5.1 Intelligensiegeleide polisiëring

Die eerste tendens hang ten nouste saam met 'n paradigmatische skuif weg van 'n nasionale misdaadbekampingstrategie na 'n nasionale misdaadvoorkomingstrategie (vgl. Duncan 2015:7–8). In die misdaadvoorkomingstrategie speel die Misdaadintelligensie-afdeling van

die SAPD 'n besliste sentrale rol. Hierdie afdeling, waarvan die omstrede Richard Mdluli die hoof was, funksioneer in 'n omgewing wat sterk vereenselwig word met geheimhouding en gebrekkige deursigtigheid, die gebruik van betaalde informante, en wat veral in die media met *dirty tricks* en politieke rolspel vereenselwig word (vgl. Duncan 2014:3–11). Hoewel soortgelyke praktyke binne demokratiese bedelings wêreldwyd aangetref word, is dit veral die regsontduiking/-vermyding van die “sterk manne” van die Suid-Afrikaanse politiek, onder wie Jacob Zuma, Ace Magashule, Supra Muhamopelo, Tony Yengeni en Richard Mdluli (om enkeles te noem) wat kommer wek en die indruk laat dat “sterk manne” verhewe is bo die wet en die reg. Die wyse waarop die Marius Fransman-voorval (ANC-leier in die Wes-Kaap wat aan seksuele teistering van 'n kollega beskuldig word, tot dusver hanteer is, beklemtoon hierdie tendens.) John Block (Noord-Kaapse ANC-leier) se hantering skyn 'n uitsondering op die algemene reël te wees. (Block staan tans tereg op verskeie klagtes van korrupsie.)

5.2 Die vestiging en/of bedryf van paramilitêre instellings

Verskeie elite- en/of spesialiseenhede wat fokus op die handhawing van wet en orde, het oor die afgelope tyd as magsinstrumente gevestig geraak (vgl. Duncan 2015:8). Sommige van hierdie paramilitêre instellings dateer selfs uit die tydperk voor 1994.

- Special Task Force (STF): Hierdie spesialis- (elite-) eenheid, ook bekend as die Taakmag, is reeds in 1983 gestig. Hierdie struktuur, wat binne die groter raamwerk van die veiligheidsbestuurstelsel van daardie tyd gevestig is, word vandag steeds aangewend vir terroristebedreigings, spesiale reddingspogings, gyselaardramas en ander belangrike en hoëprofielsake (Duncan 2015:9). Hierdie eenheid beskik oor uitsonderlike vaardighede en toerusting en het 'n militêre voorkoms asook 'n militêre bevel- en beheerstruktuur.
- National Intervention Unit (NIU): Sedert die totstandkoming daarvan in 2002/2003 word hierdie spesialiseenheid gebruik om medium- tot hoëveiligheidsrisiko's te hanteer. Hulle word ook aangewend by bendegeweld, plaasaanvalle, taxigeweld, bankrooftogte en openbare geweld (Duncan 2015:9–10).
- Tactical Response Team (TRT): Hierdie gespesialiseerde en intelligensiegedrewe diens fokus, soos die NIU, op medium- tot hoërisikosituasies en meer spesifiek op misdaad- en skarebeheer (Duncan 2015:9–10).

Die mate waartoe al drie bogenoemde instellings in samehang opgetree het by Marikana, is 'n aanduiding van die vlakke van sekurokrisering binne hierdie spesifieke konteks.

5.3 Die sentralisering van mag

'n Sekuriteitsnalatenskap van die Wêreldsokerbeker van 2010 is die National Joint Intelligence and Operational Structure (Natjoints), wat funksioneer onder die leiding en voorsitterskap van die SAPD. Dit behels die koördineerdersliggaam vir die polisie, intelligensiestrukture, asook artikel 9-instellings, waaronder die Onafhanklike Verkiesingskommissie, die Nasionale Vervolgingsgesag, Eskom en verskeie staatsdepartemente. Veiligheidsoptredes op nasionale en provinsiale vlak word hier beplan en strategies gekoördineer. Hierdie instelling bestuur die koördinasie van eenvormige en doelmatige wetstoepassing ten tye van krisis – situasies met 'n bepaalde sekuriteitsfokus. Hierdie instelling is onlangs aangewend in omstandighede waar die openbare orde in gedrang was tydens studentebetogings wat na die parlement geëskaleer het. Hierdie tendens beklemtoon die noodsaak om veiligheidsinstellings te sentraliseer en te koördineer ten einde openbare orde en sekuriteit te handhaaf en dui ook op die algemene sekurokriseringstendens binne die Suid-Afrikaanse politiek.

5.4 Die gebruik van militêre range

Kort ná 1994 was daar 'n doelbewuste strategie om die SAPD te demilitariseer en 'n burgerlike diens te vestig waarin die filosofie van gemeenskapspolisiëring prakties volvoer is. Sedert Zuma die bewind oorgeneem het, het Bheki Cele (toe kommissaris van polisie) burgerlike range afgeskaf en op 1 April 2010 militêre range heringestel. Dit was 'n regstreekse aanduiding van die terugkeer na 'n militêre kultuur, etos en simboliek soos vereenselwig is met die polisiemag voor 1994.

Gemeet aan die aanwysers soos vroeër aangedui, is dit duidelik dat die SAPD besig is om te militariseer (ten minste wat sekere aspekte betref). Hierdie tendens is in ooreenstemming met soortgelyke ontwikkelings by ander veiligheidsinstellings, waaronder die Intelligensiediens. Hiervan getuig duidelike tendense van sentralisering en militarisering, asook die konteks van intelligensiegeleide polisiëring. Ontwikkelings binne die SAPD bevestig die groter tendens van die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel se sekurokrisering. 'n Polisiemag met militêre eienskappe gelei deur intelligensiehandelinge en gebaseer op 'n filosofie van misdaadvoorkoming is besig om toenemend gevestig te raak.

Dit is duidelik dat die politieke omgewing toenemend disfunksioneel en onstabiel raak weens tendense van institusionele verval, diensleweringsproteste, korrupsie en nepotisme, asook konflik binne die drieledige alliansie en die gebrek aan leierskap. Die reaksie hierop is toenemende sekurokrisering as teenvoeter vir patrone van politieke onstabieleit met eiesoortige uitdagings vir die burgerlike samelewing en demokratiese praktyke. In die lig hiervan is daar met rede kommer oor die konsolidering van Suid-Afrika se demokrasie en die plek wat veiligheidsinstellings hierbinne inneem.

6. Suid-Afrika: demokratiese konsolidering, of neopatrimoniale pretorianisme?

Uitgaande van die vertrekpunt dat Suid-Afrika in 'n fase van dinamiese ekwilibrium verkeer, gaan die volgende vier tot vyf jaar bepalend wees vir politieke stabiliteit en hoe die regstaatidee op letterlik elke terrein van die groter samelewing uitspeel. Gaan die demokrasie suksesvol gekonsolideer word of gaan die staat in 'n niedemokratiese rigting beweeg?

Demokratiese konsolidering behels 'n proses waar demokratisering en die vestiging van demokratiese waardes onomkeerbaar is en waar die burgers volledig inkoop op die regstaatidee en die toepassing daarvan.¹² Hiervolgens kan die mate van politieke konsolidering veral aan die volgende kriteria gemeet word:

- die ontwikkeling van 'n vry en sterk burgerlike samelewing
- die daarstel van 'n outonome "politieke samelewing" met genoegsame "samelewingsbeheer" oor die strukture van die staat
- relevante politieke akteurs se onderwerping aan die oppergesag van die reg wat burgerlike vryhede beskerm
- 'n staatsadministrasie wat deursigtig en verantwoordelik funksioneer
- 'n gevestigde en geïnstitusionele ekonomie waarin 'n mark ekonomie en die privaatbesit van produksiefaktore prominent figureer.

(Vgl. Linz en Stepan 1996; O'Donnell 1996.)

Indien Suid-Afrika se politieke bestel aan bostaande kriteria gemeet word, lyk die uitkoms nie so gunstig nie. Soos reeds aangedui, beklemtoon 'n aantal faktore binne die groter

politieke regime 'n tendens weg van demokratiese konsolidering in die rigting van dedemokratisering.

Regimefaktore wat teen demokratiese konsolidering werk, sluit in:

- 'n verswakkende staat en 'n meer uitgebreide rol wat die party (Luthuli-huis) aanneem
- laer vlakke van institusionele politieke deelname (gemeet aan die verkiesings) en hoër vlakke van nie-institusionele deelname (protesoptogte, stakings, verset en vandalisme)
- 'n toenemende onvermoë om dienste te lewer (behuising, water, elektrisiteit, onderwys en gesondheid)
- gebrekkige sosiale kohesie soos dit na vore kom in 'n etniese en rassebewussyn, xenofobie, vigilantisme, ryk-arm-gaping en misdaad
- beperkende vooruitsigte vir ekonomiese groei en ontwikkeling weens eskalerende staatskuld, onstabiele handelsbalanse, arbeidsonstabiliteit en rekonfigurasie in die arbeidsomgewing
- 'n revolusionêre politieke benadering (in navolging van die nasionaal-demokratiese-revolusie-idee) wat niedemokratiese waardes vooropstel
- 'n rekonfigurasie van die politieke spektrum, 'n politieke skuif na links, met prominente akteurs soos die EFF en Numsa met andersoortige interpretasies van die Grondwet en die (her)verdeling van produksiefaktore.

(Vgl. Duvenhage 2014a:1–29; 2014b:1–28 vir die volledige beredenering wat tot hierdie gevolgtrekkings gelei het.)

Hier is die belangrike vraag hoe veiligheidsinstellings hulleself in hierdie verband gaan plaas. Dit geld veral wanneer en waar politieke druk geplaas word op die “sterk man”, sy politieke elite en kliëntekorps. Verskeie strategiese opsies bestaan vir die veiligheidsbedeling in hierdie verband, soos hier onder uiteengesit.

6.1 Scenario 1: Demokratiese konsolidering

Die norm by demokratiese konsolidering is 'n binnelandse-intelligensie-buro en ander veiligheidsinstellings wat funksioneer binne die konteks van demokratiese waardes (die oppergesag van die reg; nie verpolitisering nie; parlementêre oorsig en deursigtigheid) sover prakties moontlik. Dit is die ideaal en moet nagestreef word ongeag moontlike uitdagings. Dit sal neerkom op die konsolidering van die demokrasie en onderliggende waardestelsel in Suid-Afrika. Tans dui faktore in die groter politieke omgewing en staatkundige bestel egter op ingrypende beperkings in die konsolidering van demokratiese instellings en 'n meer uitgebreide politieke rol vir veiligheidsinstellings.

6.2 Scenario 2: Politieke betrokkenheid en inmenging

Sekurokrate se hande (selfs binne gevestigde demokrasieë) is selde heeltemal skoon en politieke betrokkenheid en inmenging is so oud soos die staat self. Wanneer dit egter die punt bereik van regstreekse “politieke aanstellings”, *dirty tricks* en die ondermyning van demokratiese instellings (soos tans met artikel 9-instellings), word dit problematies en bedreig dit die grondbeginsels van die regstaatidee en verbandhoudende grondwetlike en demokratiese praktyke. Hierdie tendens kan die terrein voorberei vir politieke polisiëring en in die ekstreem as voorspel dien tot wat as 'n polisiestaat voorgehou kan word. Hierdie scenario blyk die huidige stand van sake in Suid-Afrika te wees, teen die agtergrond van

pretoriaanse samelewingstoestande, sentralisering van mag en neopatrimoniale tendense met as fokus ampte soos die presidentskap en groter veiligheidsinstellings. Tendense binne die SAPD en Intelligensiediens is voorbeelde in hierdie verband.

6.3 Scenario 3: 'n Polisiestaat


Die uiteindelijke polisiestaat is meestal outoritêr, hoewel nie alle state in dieselfde mate nie, waar grondwetlike en demokratiese waardes opgeoffer word vir staatkundige praktyke wat nasionale sekuriteit (staatsveiligheid) vooropstel. Tendense van sentralisering en militarisering is in hierdie scenario aan die orde van die dag. In die uiterste geval kan staatspraktyke ontwikkel met 'n vorm van totalitarisme waarin die staat poog om alle vryhede van die burgers te beheer en waar geen onderskeid tussen die staatlke en die niestaatlke terreine van die samelewing bestaan nie. Totalitêre state word meestal vereenselwig met 'n onafhanklike staatsveiligheidsstruktuur wat waardes en skaars middele uit eie reg kan toewys. Voorbeelde in hierdie verband (sommiges histories) sluit in Oos-Duitsland, die USSR en Nazi-Duitsland as bedelings wat met 'n totalitêre staatspraktyk verband hou, terwyl Suid-Afrika tydens apartheid as 'n outoritêre vorm van 'n polisiestaat beskou kan word. Eietydse voorbeelde in hierdie verband sou China, Noord-Korea, Kuba, Iran en selfs Rusland kon insluit.

6.4 Scenario 4: Korrupte staat en neopatrimonialisme

Hierdie staatspraktyk verteenwoordig die ergste scenario en weerspieël die aard en wese van sommige state in Afrika waar vorme van neopatrimonialisme die weg baan vir daardie toestand wat vroeër in die artikel as kenmerkend van korrupte state uitgewys is. (Neopatrimonialisme kom volgens Bratton en Van de Walle 1998:61–3 uitgebreid in Afrika voor en manifesteer prominent in minstens 40 state.) Dit verwys veral na state waar korrupsie geïnstusionaliseer is en waar pretoriaanse kragte die belang van geselekteerde leiers en groepe beskerm en bevorder ten koste van die algemene belang (neopatrimoniale pretorianisme).

Wanneer die Suid-Afrikaanse situasie beoordeel word, is dit duidelik dat politieke betrokkenheid en inmenging tans wel aan die orde van die dag is. Hoewel elemente van 'n polisiestaat geïdentifiseer kan word en politieke tendense en trajekte van die politieke instusionalisering van veiligheidsinstellings hierdie tesse kan steun, kan die huidige bedeling nog nie volledig binne hierdie betrokke scenario geklassifiseer word nie. Dit is wel kommerwekkend dat die elemente van neopatrimoniale pretorianisme veral tydens die Zuma-administrasie sterker na vore getree het. Hierdie situasie word bevestig deur die volgende ontwikkelings: die aanstelling van lojaliste om strategiese posisies binne die raamwerk van veral die sekerheidskluster te bestuur; suiweringsprosesse om van opponente ontslae te raak; en die ondermyning van staatsinstellings wanneer die belang van die "sterk man" bedreig sou word. Hier is die behandeling van die openbare beskermer 'n treffende voorbeeld. Sodanige patroon bedreig ook die konsolidering van demokratiese waardes en die fundamente waarop die rasionaal vir die regstaat gevestig is.

Skematies kan hierdie tendensbepaling soos volg voorgestel word:



Figuur 8. Scenariomatriks vir die sekurokrisering van die staatkundige bestel

7. Ten slotte: Evalueerende perspektiewe

Die sekurokrisering van die staatkundige bedelings soos Suid-Afrika dit tans ervaar is nie 'n nuwe tendens binne die Suid-Afrikaanse, Afrikaïese en selfs wêreldpolitiek nie. Tydens die bewind van Jacob Zuma het die tendens binne die Suid-Afrikaanse konteks skerp na die oppervlak gekom en is dit veral waarneembaar binne die raamwerk van die intelligensiedienste en die SAPD. Dit is of die SANW meer op die agtergrond staan, maar wel onlangs ontplooi is waar xenofobiese geweld buite beheer geraak het. Sodanige situasie is veral die tendens van neopatrimoniale pretorianisme wat elemente van 'n korrupte staat weerspieël en as uiters kommerwekkend beskou kan word.

Tans kan die veiligheidsinstellings se rol beskryf word as een van politieke inmenging waar die instellings 'n beperkte en gekwalifiseerde pretoriaanse funksie vervul. Dit word duidelik

dat die party, staat en “sterk man” se belange toenemend vervleg en geïntegreer raak, wat differensiering op hierdie vlakke moeilik maak. Met hierdie vervlegting in gedagte word dit moeilik om te onderskei tussen die staatlike (die grondwet; politieke stelsel; party ens.) en die niestaatlike (burgerlike instellings soos kerk; skool; universiteit; korporatiewe instellings ens.) Hierdie vervlegting (binne ’n neopatrimoniale konteks) kan negatief inwerk op die konsolidasie van die Suid-Afrikaanse demokrasie. Hierteenoor blyk ’n proses van dekonsolidering binne die Suid-Afrikaanse demokratiese bestel.

In ’n omgewing wat polities, ekonomies en sosiaal al onstabiel raak, is die groot vraag hoe veiligheidsinstellings hulleself gaan posisioneer en wie se of watter belang vooropgestel gaan word. Wanneer omstandighede toenemend revolusionêr raak – soos tans die geval blyk te wees – en die staat en politieke stelsel die sentrale fokus raak, is ’n polisiestaat met ’n meer dominante pretoriaanse rol vir veiligheidsinstellings ’n definitiewe scenario. Wanneer die rol van die “sterk man” en sy netwerke, soos geïnstusionaliseer binne die raamwerk van die staat, regime en party, die voorwerp van beskerming word is die voorland ’n vorm van neopatrimoniale pretorianisme. Hierdie praktyk is nie onbekend in Afrika nie en voorbeelde hiervan sluit in Zimbabwe en die Demokratiese Republiek van die Kongo.

Bogenoemde tendens hou ’n regstreekse bedreiging in vir die beginsel van die regstaat, demokratiese praktyke asook die konsolidering van sodanige praktyke. Die volgende vyf jaar, en veral die 2019-verkiezing, gaan bepalend wees vir die manier waarop, en die feit of, die demokratiese bestel gaan konsolideer, en vir die plek en rol wat die veiligheidsinstellings in hierdie verband gaan vervul. Binne die raamwerk van onderbroke ekwilibrium is verskeie scenario’s egter moontlik. Dit is duidelik dat ’n beslissende vier tot vyf jaar Suid-Afrika voor die deur lê wat ongetwyfeld die rigting van die toekoms op langer termyn gaan bepaal. Die plaaslike verkiesing van 2016 en hoe veiligheidsinstellings aangewend word, kan ’n belangrike rigtingwyser wees vir die manier waarop die staat in die toekoms veiligheidsinstellings gaan plaas en aanwend.

Bibliografie

Africa, S.E. 2012. The policy evolution of the South African Security Sector: lessons and challenges. Geneva: Centre for the Democratic Control of Armed Forces (GCDCAF). (Policy paper, no. 33).

Bratton, M. en N. van de Walle. 1997. *Democratic experiments in Africa: Regime transitions in comparative perspective*. Cambridge: Cambridge University Press.

Calland, R. 2013. *The Zuma years: South Africa's changing face of power*. Kaapstad: Zebra Press.

Clapham, C. 1986. *Third world politics: An introduction*. Londen: Croom Helm.

Cronjé, F. 2014. *A time traveller's guide to our next ten years*. Kaapstad: NB-uitgewers.

Duncan, J. 2014. *The rise of the Securocrats: The case of South Africa*. Johannesburg: Jacana.

—. 2015. *Serve and protect?* Konsepverslag geskryf vir die United Front wat handel oor polisiegeweld tydens protesaksie. Ongepubliseer. In artikelskrywer se argief.

- Du Plessis, L.J. 1941. *Die moderne staat*. Stellenbosch: Pro Ecclesia.
- Du Preez, M. 2014. *A rumour of spring: South Africa after 20 years of democracy*. Kaapstad: Zebra Press.
- Duvenhage, A. 1994. Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye: 'n Rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van S.P. Huntington se teoretiese bydrae. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- . 2014a. *Die postverkiegingsomgewing: 'n Perspektief vir die Afrikaner en die Afrikanerbond*. Potchefstroom: Afrikanerbond.
- . 2014b. *Suid-Afrika na 20 jaar van demokrasie: Ideologiese vertrekpunte en demokratiese konsolidasie (grondwetlike krisis?)*. Potchefstroom: Afrikanerbond.
- Economist, The. 2012. *Cry the beloved country / Over the rainbow*. 20 Oktober, ble. 22–4.
- Frankel, P.H. 1984. *Pretoria's praetorians: Civil-military relations in South Africa*. Londen: Cambridge University Press.
- Greffrath, W.N. 2015. State dysfunction: the concept and its application to South Africa. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom).
- Greffrath, W.N. en A. Duvenhage. 2013. The Arab spring: Societal and institutional insights for the South African context. *Botswana Journal of African Studies*, 27(2):378–97.
- Grundy, K.W. 1988. *The militarization of South African politics*. New York: Oxford University Press.
- Habib, A. 2013. *South Africa's suspended revolution: Hopes and prospects*. Johannesburg: Wits University Press.
- Heywood, A. 2013. *Politics*. New York: Palgrave Macmillan.
- Huntington, S.P. 1965. Political development and political decay. *World Politics*, 17(2):386–430.
- . 1968. *Political order in changing societies*. Londen: Yale University Press.
- Johnson, J.J. (red.). 1962. *The role of the military in underdeveloped countries*. Princeton, NJ: Princeton University Press
- Johnson, R.W. 2015. *How long will South Africa survive: The looming crisis*. Kaapstad: Jonathan Ball.
- Kraska, P. 2007. Militarisation and policing – its relevance to 21st century policing. *Policing*, 1(4):501–13.
- Linz, J.J. en A.C. Stepan. 1996. Toward consolidated democracies. *Journal of Democracy*, 7(2):14–33.

- Mazrui, A.A. 1995. The blood of experience: The failed state and political collapse in Africa. *World Policy Journal*, (9)1:28.
- Migdal, J.S. 1988. *Strong societies and weak states: State-society relations and state capabilities in the Third World*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- O'Donnell, G. 1996. Illusions about consolidation. *Journal of Democracy*, 7(2):34–51.
- Palmer, M. 1989. *Dilemmas of political development*. Itasca, IL: Peacock.
- Parson, R. 2013. *Zumanomics revisited: The road from Mangaung to 2030*. Johannesburg: Jacana.
- Poggi, G. 1990. *The state: Its nature, development and prospects*. Cambridge: Polity Press.
- Pye, L.W. 1962. Armies in the process of political modernization. In Johnson (red.) 1962.
- Right2Know Campaign. 2013. Secret state of the nation report. <http://www.rzk.org.za>. (Julie 2015 geraadpleeg).
- Tilly, C. 1975. *The formation of national states in western Europe*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- Van den Berg, M.A. 2014. The intelligence regime in South Africa (1994–2014): An analytical perspective. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom).
- Weber, M. 1947. The theory of social and economic organisation. Vertaal deur T. Parsons. New York: Oxford University Press.

Eindnotas

¹ Jacob Zuma was bykans 20 jaar lank 'n intelligensiehoof van die ANC in die periode voor 1994, en dit het noodwendig sy filosofie en praktyk van politieke leierskap en staatsbestuur beïnvloed. Tydens sy politieke oornam by Polokwane (2009) en onder sy presidentskap het veiligheidsinstellings 'n deurslaggewende rol begin speel.

² Die artikel ondersoek die geldigheid en meriete van gebeure en tendense wat dui op die sekurokritisering van die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel. Hoewel hier verwys word na die groter strategiese konteks as agtergrond, vorm dit nie deel van die navorsing se fokus nie. Daar sal wel na relevante bronne en perspektiewe hieroor verwys word.

³ Die konsepte *regstaat*, *demokrasie* en *poliargie* dra heelwat eenderse betekenisse in die literatuur en word vir doeleindes van die artikel as wisselterm gebruik. Die term *magstaat* word as versamelterm gebruik vir verskeie nedemokratiese staatsvorme, waaronder outokrasieë, militêre regimes en totalitêre state.

⁴ Die patrimoniale verteenwoordig 'n ongedifferensieerde (tradisionele) samelewingsorde, terwyl neopatrimonialisme 'n orde is waar 'n beskermer (*patron*) staatshulpbronne gebruik

om tradisionele magsbasiswa te beskerm en in stand te hou. Bratton en Van de Walle (1997:62) verwys na “[...] the incorporation of patrimonial logic into bureaucratic institutions.”

⁵ Hierdie konsep is ’n poging om die plek en rol van veiligheidsinstellings binne die konteks van verswakkende en/of “korrupte” state waarvan die praktyk duidelik waarneembaar is binne ’n Afrika-konteks en al sigbaarder word binne die huidige Suid-Afrikaanse opset, toe te lig.

⁶ Sien Duvenhage (2014a:1–29 en 2014b:1–28) vir ’n volledige ontleding van die makropolitieke omgewing in Suid-Afrika.

⁷ Vergelyk Du Preez (2014), Calland (2013), Parson (2013), Habib (2014), Cronjé (2014) en Greffrath en Duvenhage (2013) vir perspektiewe oor politieke stabiliteit en die politieke ekonomie van Suid-Afrika.

⁸ In ’n onlangse werk van R.W. Johnson (2015) maak hy selfs ’n projeksie van ’n opbouende finansiële krisis met as uitkoms ’n “regimeverandering” binne die volgende twee jaar. Ontleders en politieke kommentators is in die algemeen negatief oor die situasie van veral die politieke ekonomie in Suid-Afrika.

⁹ Operasie Fiela-Reclaim, waarby beide die SAPD en SANW betrokke is, beklemtoon onregmatige optredes teen dwelmgebruikers, prostitute en onwettige immigrante. Lawyers for Human Rights is tans in ’n hooggeregshofgeding met die regering gewikkel oor die sekurokratiese aard en die niegrondwetlike uitvoering van Operasie Fiela-Reclaim. Sommige beskou dit as ’n institusionele voortsetting van die onlangse episode van xenofobie in Suid-Afrika.

¹⁰ Dit is of die SANW (in teenstelling met wat die geval in die 1980’s was) se rol meer sekondêr is wanneer dit kom by huidige tendense van sekurokrisering. Dit blyk dat in meer funksionele state die rol van die weermag sterker is terwyl die rol van veral die polisiedienste meer prominent raak in omgewings waar die staat verswak.

¹¹ Dit was hierdie misbruik van “politieke intelligensie” en die gepaardgaande manipulerings van staatsinstellings soos die Nasionale Vervolgingsgesag wat aangewend is om Jacob Zuma na sy politieke oorwinning by Polokwane van alle skuld en aanklagte (waaronder sowat 800 korrupsie-aanklagte) kwyt te skel. Hierdie kwytskelding word egter bevraagteken, deur veral opposisiepartye, en word vandag steeds voortgesit onder die vlag van die “spioenasiebande” met hofsake wat in proses is.

¹² Vergelyk die studiestuk van Duvenhage (2014b:19–26).